F. Graf

# MAGIC IN THE ANCIENT WORLD
## REVEALING ANTIQUITY 10

1999. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

As u nog onthou van Simon in Handelinge 8, van Bar-Jesus in Handeling 13, dan het u miskien die begeerte om meer te weet van die towenaars in die dae van die Nuwe Testament. Dan is u reg ingestel om die werk van Graf aan te durf. Dit is 'n omvattende werk oor die toordery in die Hellenisties-Romeinse wêreld. Dit raak al die aspekte van die lewe aan wat verband hou met die toorkuns: die regslewe, die antropologiese verband met die godsdiens en die neerslag daarvan in die literatuur. Die outeur het die verskynsel van towery bestudeer vanuit Egipties-Griekse papiri, Latynse en Griekse dokumente wat selfs die Boeke van Moses (Anastasi-papiri) insluit. Dan is ons weer by Handelinge, en wel 7:22 wat deur die Grieks-Romeinse heidendom gebruik word om Moses as towenaar te beskou.

Die boek handel oor die terminologie van beoefenaars van toorpraktyke; die siening van towenaars van uit eie kring, soos weerspieël in die inisiasieritusse; en die literêre voorstelling van toordery die rol van vloektablette ens.

Die boek bied 'n magdom van inligting rondom towery. Die outeur se standpunt word gedetailleerd en gebalanseerd beredeneer. Daarom sal dit 'n verryking wees vir mense (i) wat belangstel in die *Umwelt* van die Nuwe Testament, (ii) wat godsdiensgeskiedenis bestudeer en (iii) wat 'n oriëntering in godsdiensantropologie het.

Prof. S.P.J.K. Riekert.
Departement Bybel- en Godsdienskunde.
Fakulteit Teologie.
Universiteit van die Vrystaat.